PPECB
GAUTENG
Perishable Products Export Control Board
Raad van Toesig op die Uitvoer van Bederfbare Produkte

# VERSLAG

## NAVORSINGSPROJEK

## Bepaling van werklike toename in persentasie gesplete pitte vanaf beskadigde pitte tot by punt van uitvoer en moontlike oplossings ter vermindering van gesplete pitte

1.DOEL :

Bepaling van werklike toename in persentasie gesplete pitte tot by punt van uitvoer, deur PPECB , ten einde -

- te bepaal watter mate van toename in RSA (tot by punt van uitvoer) plaasvind,
- die faktore wat tot die toename lei /kan lei te identifiseer; en
- 'n aanbeveling ten opsigte van moontlike oplossings ter vermindering van persentasie gesplete pitte a g v beskadigde pitte te maak.

2. METODIEK :

Die navorsing was gedoen vanaf 18 Junie 1999 tot 21 Februarie 2000.
In die navorsing was daar ondersoek gedoen op 30 stapels grondbone van 18 ton elk wat bestem was vir uitgevoer. Die stapels grondbone was geselekteer en versend vanaf 9 verskillende grondbone- selekteerfabrieke.
Logistieke probleme was veral ondervind in die projek, om stapels vooraf te identifiseer wat op 'n bepaalde tydstip by die punt van uitvoer sal wees vir bemonstering. Hierdie probleem het uiteindelik veroorsaak dat daar nie nog meer stapels by die projek betrek kon word nie.

Die grondbone – grade was soos volg verteenwoordig:

| | |
|---|---|
| 50/60 | 5 stapels |
| 60/70 | 19 stapels |
| 70/80 | 6 stapels |

Monsterneming

a) Daar was van elke stapel, minstens 4 monsters geneem voordat dit uitgelaai was per vragmotor.
b) Te Durban was weer minstens 4 monsters geneem nadat dit afgelaai was vanaf die vragmotor.
c) Die monsters geneem voor weglaai was individueel ontleed en die persentasies was bepaal vir Vog, Gesplete pitte en Beskadigde pitte. 'n Gemiddeld van elke stapel se monsters was hiervan bereken.
d) Die monsters geneem by Durban, na aflaai, was ook individueel ontleed en die persentasies was bepaal vir Vog, Gesplete pitte en Beskadigde pitte. 'n Gemiddeld van elke stapel se monsters was hiervan bereken.

## 3. BEVINDINGE :

BK70/80 - 6 Stapels

- Geen duidelike toe of afname in die persentasies gesplete of beskadigde pitte het voorgekom nie.
- Die vogpersentasies het in 2/6 gevalle afgeneem, wat normaal is.
- In 4/6 gevalle het die vogpersentasie marginaal toegeneem.
  Die vogpersentasie in die totale navorsing wat gedoen is, min afwykings getoon. Veral waar die humiditeit en vogtigheid gedurende 'n bepaalde tydstip 'n rol kon speel by die vogpersentasie van 'n bepaalde stapel grondbone, het die persentasie slegs in 6/30 (gevalle) met meer as 0.5% verander.
  Die oorsaak van die veranderings kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die tydsverloop sedert eerste en tweede monsters asook die hoe humiditeit van Durban in vergeleke met die grondbone produksiegebied.
- In 3 gevalle was die beskadigde persentasie in die binneland hoër as 7% (m a w meer as 50% van die toelaatbare persentasie vir keurgraad) In nie een van hierdie 3 gevalle het die gesplete pitte se persentasie by die punt van uitvoer 'n wesenlike toename in persentasie gesplete pitte getoon nie.
- Alle persentasies t o v gesplete pitte en beskadigde pitte by die punt van uitvoer, was steeds binne die standaard vir keurgraad met geen noemenswaardige persentasie toename te bespeur nie.

BK60/70 - 19 Stapels

- 5/19 (26%) van stapels het meer as 1 persentasiepunt toename getoon by gesplete pitte vanaf binnelandse monsters tot by punt van uitvoer. 3 Van die stapels by die punt van uitvoer het die maksimum toegelate perk(keurgraad) vir gesplete pitte oorskry.

- 8/19 (42%) van stapels het meer as 2 persentasiepunte toename getoon by beskadigde pitte. 3 Oorskrydings het voorgekom t o v die maksimum perk van 14% vir keurgraad.
- Die vogpersentasies het in 12/19 gevalle afgeneem
  In 7/19 gevalle het die vogpersentasie marginaal toegeneem.

- In 8 gevalle was die beskadigde persentasie in die binneland hoër as 7% (m a w meer as 50% van die toelaatbare persentasie vir keurgraad) In 3 van die 8 gevalle het die gesplete pitte se persentasie by die punt van uitvoer met meer as 0.5 persentasiepunte toegeneem.

BK50/60 - 5 Stapels
- 1/5 van stapels het meer as 1 persentasiepunt toename getoon by gesplete pitte vanaf binnelandse monsters tot by punt van uitvoer. (Geen stapel by die punt van uitvoer het die 4% maksimum toegelate perk(keurgraad) vir gesplete pitte oorskry.)
- 2/5 van stapels het meer as 2 persentasiepunte toename getoon by beskadigde pitte. Geen oorskrydings het egter voorgekom t o v die maksimum perk van 14% vir keurgraad nie.
- Die vogpersentasies het in 3/5 gevalle afgeneem en in 2/5 gevalle marginaal toegeneem.
- In al 5 gevalle was die beskadigde persentasie in die binneland hoër as 7% (m a w meer as 50% van die toelaatbare persentasie vir keurgraad) In 2/5 gevalle het die gesplete pitte se persentasie by die punt van uitvoer met meer as 0.5 persentasiepunte toegeneem.

## 4. AFLEIDINGS UIT DIE STATISTIEK :

4.1 Alhoewel daar 'n verandering (op en af) by die persentasie vog voorkom, is die verandering nie wesenlik nie en kan die veranderings hoofsaaklik toegeskryf word aan die tydsverloop sedert eerste en tweede monsters asook die hoë humiditeit van Durban, vergeleke met die grondbone produksiegebied.

4.2 Daar was in die proef 'n totaal van 6 gevalle (beskadig en gesplete pitte) waar die stapel nie meer uitgevoer kon word as 'n Keurgraad stapel, soos dit gradeer was in die binneland nie.

4.3 By die groter pitte (60/70 & 50/60) kom persentasie stygings van 1% by gespletepitte by sowat 20% van die stapels voor.

4.4 By die groter pitte (60/70 & 50/60) kom persentasie stygings van 2% by beskadigdepitte voor by sowat 40% van die stapels.

4.5 38% van die groter- pitstapels wat meer as 7% beskadigde pitte bevat het, se persentasiepunt gesplete pitte het met meer as 0,5% toegeneem.

4.6 By die groter- pitstapels (60/70 & 50/60) het 0,5% stygings in gespletepitte voorgekom by 38% van die stapels wat meer as 7% beskadigdepitte, tydens binnelandse gradering bevat het.

## 5. ANDER WAARNEMINGS EN FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL:

5.1 Tydens die aflaaiproses van die vragmotors te Durban was waargeneem dat dat die hantering van die grondbone nie so delikaat hanteer word as bv. die laaiproses in die binneland nie.

Tydens die aflaaiproses was waargeneem dat:

- Die aflaaiers op sowat 11% van die sakke staan.
- Die monsters wat uit hierdie spesifieke sakke geneem was, se gesplete pitte het toegeneem vanaf 1,6% (res van stapel) tot 4,7%.
- Waar skoene op die sakke trap vind die grootste beskadiging plaas.

5.2 Palette wat bo-op mekaar gestapel word kan lei tot hoër persentasies gesplete en beskadigde pitte.

5.3 Sakke word goed hanteer tydens die laai-proses, maar die arbeiders bo-op die vragmotors trap met hul skoene op die sakke.

5.4 Die bande waarmee die vrag vasgetrek word, beskadig ook die grondbone.

5.5 Nadat die vrag gelaai is beweeg die vragmotordrywers bo-op die vrag.

## 6. AANBEVELINGS TOT MOONTLIKE OPLOSSINGS

6.1 Opleiding moet verskaf word aan alle partye betrokke tot die laai en aflaaiprosesse van grondbonestapels (ook vragmotorbestuurders moet hierby betrek word).

6.2 Inspeksies en toesig is op 'n gereelde grondslag nodig deur uitvoerders en PPECB om te verseker dat die produk met die nodige versigtigheid hanteer word.

6.3 Tydens die laai van vragmotors moet die vragmotor so gelaai en afgelaai word dat daar van 'n kant af gewerk word sodat daar nie op sakke getrap word nie. Waar daar wel op 'n stapel getrap moet word, word voorgestel dat daar van 'n loopplank gebruik gemaak word wat op die stapel geplaas word.

6.4 Sakke moet redelik styf toegewerk word sodat pitte binne sak nie veel beweegruimte het nie. Grondbone set nie, dit bly ongeveer in dieselfde posisie, selfs na laai en handtering.

6.5 Waar BK60/70 en groter pit grondbone uitgelaai word en die beskadigde persentasie is hoër as 7%, moet die gesplete persentasie beperk word tot 2% vir BK60/70 en 3% vir BK50/60 en groter pitte.

6.6 Depots waar grondbone geberg en hanteer gaan word by die punt van uitlaai, behoort geregistreer te word by Die Direktoraat Plant en Gehaltebeheer. Hulle moet ook aan sekere voorskrifte voldoen alvorens sodanige registrasie sal plaasvind.

Baie dankie aan die grondbone-uitvoerders en verwerkers wat meegehelp het dat inligting bekom kon word en monsters sodoende getrek kon word op die verskillende punte.

Ons vertrou bg. inligting kan gebruik word om die kwaliteit van Suid Afrika uitvoere te verbeter.

Neels Wegner
27/06/2000